HOE REGISTREER EK OM TE SKRYF?

Jy kan via die internet registreer::

1. Gaan na die NBT-webtuiste: www.nbt.ac.za, kliek op "Book a Test" en volg die stappe. Jy kan ook via die internet op jou selfoon registreer.
2. 'n Brief wat jou registrasie bevestig en 'n EasyPay-staafkode bevat, sal beskikbaar wees vir jou om af te laai en uit te druk nadat jy op "submit" gekliek het. Jy moet jou registrasiebrief na 'n EasyPay-betaalpunt neem om die toetsgelde te betaal.

Jy kan ook op EasyPay se webtuiste betaal: www.easypay.co.za. Dit is nie nodig om dit na die toetslokaal te bring nie, maar jy moet dit uitdruk en afskrifte hou. Uitslae word slegs vir betaalde toetse beskikbaar gestel.

Registrasie is datum- en lokaalspesifiek. Indien jy jou geskeduleerde toetssessie verbeur, of 'n tweede keer wil skryf, moet jy herregistreer en weer betaal.

HOEVEEL KOS DIT OM TE SKRYF?

Die toetsgelde vir die 2018-toelatingsiklus is: Slegs **AQL - R80**
AQL en MAT - R160

HET JY GEWEET:

Indien jy nie naby enige NBT-toetslokaal woon nie, e-pos of skakel ons gerus om die moontlikheid van 'n spesiale lokaal vir jou toets te bespreek.

E-pos nbt@uct.ac.za
Tel 021 650 3523
Twitter @cetap_uct
Facebook nationalbenchmarktest

www.nbt.ac.za

CETAP
Centre for Educational Testing for Access and Placement

UNIVERSITIES SOUTH AFRICA

Standard Bank

NBT
National Benchmark Tests Project

THE NATIONAL BENCHMARK TESTS

Testing for 2018
University Placement

WAT IS DIE NATIONAL BENCHMARK TESTS?

Die Nasionale Normtoetse (NBT) bepaal jou akademiese gereedheid vir universiteit.

WAAROM MOET EK DIE TOETSE SKRYF?

Die NBT's word deur baie universiteite landwyd gebruik. Dit help hoëronderwysinstansies om skoolverlaters se uitslae soos dié van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) beter te vertolk. Die toetsuitslae staaf die NSS-uitslae, maar vervang of dupliseer dit nie.

Sommige Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstansies gebruik die NBT's vir toelating en ander gebruik dit om te bepaal of jy ekstra akademiese ondersteuning tydens jou studies gaan benodig. Dit dra ook by tot die ontwikkeling van leerplanne. Vind uit by die instansie waar jy aansoek doen of jy die toetse moet skryf.

WATTER TOETSE MOET EK SKRYF?

Die fakulteit waar jy aansoek doen sal bepaal watter toetse jy moet skryf en teen wanneer hulle jou uitslae moet ontvang.

WAAR KAN EK DIE TOETSE SKRYF?

'n Volledige skedule met al die toetslokale is beskikbaar op NBT se webtuiste (www.nbt.ac.za). Indien jy nie naby 'n toetslokaal woon nie, stuur 'n e-pos na nbt@uct.ac.za, of skakel ons by 021 650 3523, sodat ons kan probeer om 'n spesiale lokaal vir jou toets te reël.

WAT KAN EK VAN DIE TOETSE VERWAG?

- Daar is twee toetse: Akademiese Geletterdheid, Kwantitatiewe Geletterdheid (gesamentlik bekend as AQL) en Wiskunde (MAT). Vir meer inligting oor die inhoud van die toetse, besoek ons webtuiste: www.nbt.ac.za.
- Kwantitatiewe Geletterdheid is soortgelyk aan Wiskundegeletterdheid.
- Studente met gestremdhede word tegemoetgekom. Die AQL-toets is ook in Braille vertaal.
- Elke toets verg van jou om bestaande kennis – dít wat jy weet en kan doen – toe te pas op materiaal wat 'n goeie aanduiding gee van wat van eerstejaarstudente op universiteitvlak verwag word.
- Die toetse is vertroulik en daar bestaan geen vorige vraestelle of spesiale studiemateriaal om vir die toetse voor te berei nie.

WANNEER MOET EK SKRYF?

Jy moet skryf wanneer jy gereed voel, maar maak seker dat jy betyds skryf om al die sperdatums en vereistes na te kom vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen. Jy moet beide toetse op dieselfde dag skryf. Jy mag die NBT 'n tweede keer skryf, maar jy sal eers moet bevestig met jou fakulteit dat hulle 'n tweede punt sal aanvaar.

WANNEER KAN EK SKRYF?

Registrasie vir alle NBT-sessies open op 1 April 2017.

NBT-TOETS DATUMS	LAASTE DAG OM AANLYN TE REGISTREER	LAASTE DAG OM TE BETAAL	UITSLAE BESKIKBAAR VIR INSTANSIES	UITLSAE BESKIKBAAR VIR SKRYWERS
20-Mei-17	2-Mei-17	8-Mei-17	12-Jun-17	19-Jun-17
3-Jun-17	14-Mei-17	21-Mei-17	26-Jun-17	3-Jul-17
*04 Jun	14-Mei-17	21-Mei-17	26-Jun-17	3-Jul-17
17-Jun-17	28-Mei-17	4-Jun-17	10-Jul-17	17-Jul-17
*18-Jun	28-Mei-17	4-Jun-17	10-Jul-17	17-Jul-17
24-Jun-17	4-Jun-17	11-Jun-17	17-Jul-17	24-Jul-17
**30 Jun	11-Jun-17	18-Jun-17	24-Jul-17	31-Jul-17
1-Jul-17	11-Jun-17	18-Jun-17	24-Jul-17	31-Jul-17
15-Jul-17	25-Jun-17	2-Jul-17	7-Aug-17	14-Aug-17
*16-Jul	25-Jun-17	2-Jul-17	7-Aug-17	14-Aug-17
29-Jul-17	9-Jul-17	16-Jul-17	21-Aug-17	28-Aug-17
12-Aug-17	23-Jul-17	30-Jul-17	4-Sep-17	11-Sep-17
*13-Aug	23-Jul-17	30-Jul-17	4-Sep-17	11-Sep-17
26-Aug-17	6-Aug-17	13-Aug-17	18-Sep-17	26-Sep-17
9-Sep-17	20-Aug-17	27-Aug-17	2-Oct-17	9-Oct-17
16-Sep-17	27-Aug-17	3-Sep-17	9-Oct-17	16-Oct-17
30-Sep-17	10-Sep-17	17-Sep-17	23-Oct-17	30-Oct-17
7-Oct-17	17-Sep-17	24-Sep-17	30-Oct-17	6-Nov-17
*08 Oct	17-Sep-17	24-Sep-17	30-Oct-17	6-Nov-17
14-Oct-17	30-Sep-17	1-Oct-17	6-Nov-17	13-Nov-17
25-Nov-17	5-Nov-17	12-Nov-17	19-Nov-17	13-Des-17
2-Des-17	12-Nov-17	19-Nov-17	18-Des-17	18-Des-17
*03-Des	12-Nov-17	19-Nov-17	18-Des-17	18-Des-17
**05-Jan	17-Des-17	17-Des-17	29-Jan-18	5-Feb-18
6-Jan-18	17-Des-17	17-Des-17	29-Jan-18	5-Feb-18

*Sondag-toetssessie
** Vrydag toetssessie